'n Liefdesband vir Lotti

Deur ILZA ROGGEBAND

Onthul: beroemde sanger trou dié week met die nooi van sy hart

BOULDERS-STRAND buite Simonstad, waar die luggie vandag koel trek, het al wêreldbekend geword vir sy pikkewyne. Vandag kuier ek hier saam met 'n ander ewe bekende – die sanger Helmut Lotti. En pas, toe die son sy kop vir 'n oomblik deur die wolke steek, het hy sy hemp uitgetrek.

Moet sê, die man is nou nie 'n bondel spiere nie. Eintlik is hy nie juis 'n man wat jou knieë lam maak nie. Die lyf is maar so-so, en dan is daar die seunsgesiggie, gladde, amper baardlose vel en sagte, onskuldige oë. Gemeet aan Suid-Afrikaanse standaarde is Helmut 'n vaal mannetjie.

Maar op 31 het hy hom lankal in die harte van derduisende vroue oor die wêreld heen gesing. Hulle stroom na sy konserte en staan tou om sy CD's te koop. En hulle gaan lang trane huil wanneer hulle hoor Helmut trou op 16 Februarie.

"Haar naam is Carol Jane Poe en ons trou op haar verjaardag in België," vertel Helmut. "Dit gaan 'n baie intieme troue wees. Net familie en 'n paar goeie vriende. Een goeie ding van dié verjaardag-troue is dat ek nooit ons huweliksherdenking sal vergeet nie."

Helmut, wat al voorheen getroud was en pa is van Messalina (9), vertel hy het Carol Jane op 'n strand ontmoet. Nee, dit was nie juis 'n romantiese ontmoeting nie. En hy wil ook nie verder oor sy geliefde praat behalwe om te sê haar pa is 'n Amerikaner wat in die weermag was en dat hy Cherokee-bloed in hom het nie. Carol Jane se ma is 'n Belgiër en die twee het mekaar ontmoet toe haar pa in België gestasioneer was.

Ook die wittebrood is geheime sake. Ons weet net hy sal ses dae van sy baie besige program afknyp om saam met die nuwe mev. Lotti vakansie te hou.

En besig is Helmut beslis. Sy jaar is so te sê vol bespreek en in Duitsland alleen, waar hy verlede jaar die voorste solokunstenaar was, hou hy veertig konserte. Hy was juis saam met 'n Duitse televisiespan op 'n blitsbesoek van drie dae in Suid-Afrika toe ons gesels het.

"Ek het die afgelope tyd ook 'n deurbraak in die Skandinawiese lande gemaak," vertel hy opgewonde. "Dit gaan baie goed met my verkope daar."

Helmut sê dit verstom hom steeds dat sy musiek so gewild is.

"Kan jy glo ek het al 7 miljoen CD's wêreldwyd verkoop?" vra hy verbaas. "Iemand stap by 'n winkel in en kies my CD tussen duisende ander uit. En dit het al 7 miljoen keer gebeur. Ongelooflik!"

In Suid-Afrika is hy net so gewild. Van sy vorige CD, Out of Africa, is meer as 75 000 verkoop en sy nuwe, Latino Classics, het met meer as 25 000 verkope reeds goue status bereik.

Helmut sê hy het 'n baie sagte plekkie vir Suid-Afrika en sy mense. Dit pla hom net dat so baie mense die land verlaat, en die baie *armed response*-bordjies op hekke en heinings maak hom bang.

"Ek woon deesdae op 'n hoewe net buite Gent in België," sê hy. "Dit is baie moeilik om in België groot eiendomme te kry. Ruimte het ons nie. Maar ek sal enige dag ruimte verruil vir 'n veilige omgewing."

Ook Suid-Afrikaanse kos is hoog op Helmut se plus-lysie.

"Het jy al 'n koedoe-steak geëet?" vra hy opgewonde. "Daar is nie lekkerder vleis nie. Springbokvleis en patats is nog twee van my gunstelinge."

DIE afgelope tyd het Helmut tog besluit om die lekker dinge in die lewe te verruil vir 'n gesonder leefwyse.

"Ek was nog nooit 'n groot drinker nie, maar deesdae drink ek die helfte soveel wyn en sjampanje as tevore," sê hy. "Ek eet ook selde voor- en nagereg. Dan eet ek minder rooi vleis en vermy vet en brood. Ek draf minstens drie keer per week veertig minute lank. Ek het gewig verloor en voel sewe jaar jonger."

Een van Helmut se groot liefdes is fietsry. As hy nie sang as 'n loopbaan gekies het nie,

GAMMA

LINKS: "Ja, ek dink ek het goeie smaak," sê Helmut, wat amper net so bekend is vir sy stylvolle klere as vir sy sangtalent.

sou hy graag 'n beroepsfietsryer wou word. Een van sy drome is om eendag Suid-Afrika se bekende Argus-fietstoer te kom ry.

"Ek sal dit in so drie en 'n half uur klaarmaak," bespiegel hy. Wat nie sleg is as jy dink net die professionele en semi-professionele ryers mik na onder drie uur nie.

Reis is nog een van sy groot liefdes. Maar vra hom wat sy geliefkoosde bestemming is, is sy antwoord eenvoudig: sy huis in België.

"Ek reis ontsettend baie vir my werk," sê hy. "As ek 'n blaaskansie tussen die konserte kry, gaan ek huis toe. Daar vaar ek graag die winkels in, ry fiets en lees baie. Dit is heerlik om dan net niks te doen nie."

Hy is ook 'n groot sportliefhebber en volg alles van fietsry tot sokker en tennis op die TV. Net krieket is vir hom onverstaanbaar.

Helmut is amper net so bekend vir sy goeie kleresmaak as vir sy stem.

"Ja, ek dink ek het goeie smaak," sê hy. "Ek besluit self wat ek aantrek, maar gaan gewoonlik na dieselfde winkels vir my klere."

Een ding wat Helmut nog nie regtig in sy suksesvolle loopbaan reggekry het nie, is om die Amerikaanse mark te oorrompel.

"Ek was daar en het nege suksesvolle konserte gehou," vertel hy. "Maar ongelukkig het niks werklik daarna gebeur nie. Ek glo nie jy kan besigheid in Amerika doen sonder om ná die tyd teleurgesteld te wees nie.

"Maar die Amerikaanse aanhangers is wonderlik. Hulle is soos groot kinders. Spring rond en skree hoe lief hulle vir my is. Maar ek sal eerder in Bratislava as in Amerika woon."

Een ding wat Helmut wel graag wil doen, is om meer van sy eie liedjies te skryf.

"Ek het niks om te bewys nie, maar glo ek het talent as liedjieskrywer," sê hy. "Ek het liedjies geskryf wat beter is as van my grootste treffers. Maar in dieselfde asem dink ek nie dit is vir kunstenaars nodig om hul eie liedjies te skryf nie. Skryf Tom Cruise al sy eie flieks? Die sukses van enigiets is die manier waarop jy dit na mense toe bring."

Helmut sê daar is nie vir hierdie jaar 'n konsert in Suid-Afrika gereël nie, maar hy is altyd reg om weer hier te kom sing.

"Dit is 'n ryk land hierdie," sê hy. "En ek doen lankal nie meer konserte omdat ek die geld nodig het nie. Ek doen dit omdat ek aan niks anders kan dink wat ek eerder wil doen nie."

Met die groet-slag soen Helmut my eg Europees eers op een wang, dan op die ander en weer op die eerste. Hy is 'n vriendelike man met 'n sin vir humor wat amper te goed weggesteek is, dink ek. En wens hom in my binneste 'n wittebrood toe êrens waar die son warmer skyn as vandag. H

Baie van sy vroulike bewonderaars gaan lang trane huil wanneer hy en sy meisie op haar verjaardag afhaak. Ook talle Suid-Afrikaners, want Helmut Lotti is eweneens hier uiters gewild. Nie verniet dat hy sê hy't 'n baie sagte plekkie vir Suid-Afrika en sy mense nie

Vyf gelukkige lesers kan elk 'n baie spesiale Helmut Lotti-geskenkpak wen. Dit bestaan uit sy nuwe CD, Latino Classics, sy vorige CD, Out of Africa, asook 'n videokasset van Latino Classics. Die Latino Classics-CD's is deur Helmut onderteken. Stuur jou naam, adres en telefoonnommer aan: Helmut Lotti-kompetisie, Huisgenoot, Posbus 1802, Kaapstad 8000 om ons teen 1 Maart te bereik.

JOHANN VAN TONDER

HOOFFOTO: Helmut Lotti op die rotse by Boulders-strand buite Simonstad. Hy was hier vir 'n blitsbesoek saam met 'n Duitse televisiespan. REGS: Helmut en Carol Jane Poe trou op 16 Februarie, op Carol Jane se verjaardag. As jy hulle wil gelukwens, kan jy 'n kaartjie pos aan VM2-DTP, Att. Carol Jane and Helmut Lotti, Ververijstraat 13b, 9000 Gent, België.